# Hoërskool McLachlan


Posbus 3
Joubertina
6410

042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za


NUUSBRIEF 19/05 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Lief en Leed:**
   Ons innige simpatie aan die Kritzinger-familie met die tragiese heengaan van Braam Kritzinger. Ons bid u vertroosting toe in hierdie hartseertyd.

2. **Eksamenreëlings:**
   Die eksamen vir graad 4- tot 6-leerders begin Maandag, 29 Mei, tot Donderdag,15 Junie, en die graad 7- tot 12-leerders begin Vrydag, 26 Mei, en eindig Maandag, 19 Junie.

   Vanaf Vrydag, 26 Mei, is tye soos volg vir **graad 1- tot 12-leerders**.
   Eksamentye: 07:30 tot 12:00
   Busse vertrek 12:10

   Alle leerders het alreeds 'n eksamenrooster ontvang.

   Tydens die eksamen geld die volgende reëlings:

   - 07:30: Leerders tree in alfabetiese volgorde aan voor hulle eksamenlokale.
   - Eksamentye sal in die lokale opgeplak wees.
   - AFWESIGHEDE tydens eksamen:
     - Indien 'n leerder afwesig is, moet 'n doktersbrief so gou as moontlik by mev. Daleen Strydom ingehandig word.
     - Indien enige ander krisis opduik, moet daar persoonlik met mev. Stuurman gereël word.
     - Indien bogenoemde versuim word, sal 'n leerder vir die betrokke eksamenvraestel 0% ontvang.
   - Leerders moet sorg dat hulle elke dag die korrekte skryfbehoeftes het.
   - Leerders se tasse/sakke mag onder geen omstandighede by hulle wees tydens die eksamensessie nie.
   - Netheid van leerders (hare, naels en volle skooldrag) is steeds volgens skoolreëls.
   - Graad 1- tot 6-leerders is elke dag by die skool.
   - Graad 7- tot 12-leerders wat nie die betrokke dag 'n vak skryf nie, mag by die huis bly om te leer.

3. **Klerebank**
   Vanaf Maandag, 29 Mei, is die klerebank om 12:30 tot 13:00 op Dinsdae en Donderdae oop.

4. **Finansies:**
   - Busgeld – kwartaal 2:
     Busgeld vir kwartaal 2 moet voor of op Vrydag, 26 Mei, betaal wees. Ek maak staat op u samewerking.


herotel

5. **<u>Karoo to Coast – fietswedren: 24 September 2023</u>:**
Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak mev. Daleen Strydom by 042 9402775 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

6. **<u>Toelatings – 2024</u>:**
Aansoekvorms vir nuwe toelatings vir 2024 is by die kantoor beskikbaar.

| | | |
|---|---|---|
| Sluitingsdatum: | Gr. 1 | 2 Junie 2023 |
| | Gr. 2 – 10 | 31 Julie 2023 |

Skakel gerus mev. Daleen Strydom indien u enige navrae het.

7. **<u>Sport</u>:**

- <u>Skaak</u>:
  Ons spelers het deelgeneem aan die Fountains Mall skaaktoernooi op 13 Mei 2023. Robbie Stamps het 5 uit 6 rondtes gewen en die 2de plek verower in afdeling D.

  Ons is trots op ons skaakspelers. Die meeste van hulle het 4 uit 6 rondtes gewen.

- <u>McLachlan vs Victory</u>:
  Saterdag, 20 Mei, speel die laerskoolrugby en -netbal 'n tuiswedstryd teen Laerskool Victory. Kom geniet die dag saam met ons. Toegang is R10 per persoon en vir voertuie.

  | | | |
  |---|---|---|
  | <u>Bustye</u>: | Misgund: | 07:00 |
  | | Louterwater: | 07:10 |
  | | Krakeel: | 07:30 |

  <u>Netbalprogram</u>:

  | TYD | BUITEBAAN |
  |---|---|
  | 09:00 | 0/9A |
  | 09:30 | 0/10A |

  | TYD | BINNEBAAN |
  |---|---|
  | 09:00 | 0/11B |
  | 09:30 | 0/13B |
  | 10:00 | 0/11A |
  | 10:30 | 0/12A |
  | 11:00 | 0/13A |

  <u>Rugbyprogram</u>:

  | TYD | A-VELD | B-VELD |
  |---|---|---|
  | 09:00 | 0/9 | |
  | 09:55 | 0/11 | |
  | 10:45 | 0/7 | 0/8 |
  | 11:15 | 0/13 | |

- <u>Gamtoos Bulletjie- en Blommetjiedag</u>:
  Saterdag, 27 Mei, speel die 0/7- en 0/8-rugby en netbal by Laerskool Gamtoos se bulletjie- en blommetjiedag. Verdere inligting sal volg sodra ons dit ontvang.


- <u>Netbal – Koukammakampioenskappe</u>:
  Maandag, 22 Mei, neem die 0/12- en 0/13 A-spanne deel aan die kampioenskappe by Paul Sauer. Die bussie vertrek om 13:00.

herotel

Woensdag, 24 Mei, neem die 0/14 – 0/19 spanne deel aan die kampioenskappe by ons sportveld. Verdere inligting sal aan betrokke spanne deurgegee word.

- Skaaplootjielys:
  Die 0/13 rugby- en netbalspanne loot 'n skaap en 'n tuisgemaakte produktemandjie uit teen R10 'n lootjie. Fondse is ten bate van die Douglastoer wat vanaf 16 – 21 Junie plaasvind. Daar is kontantpryse te wen vir die leerders wat die meeste lootjies verkoop. Lootjievorms is by die registeronderwyser beskikbaar

- Sportoefeninge vir volgende week:
  Hoërskool: Slegs netbal op Dinsdag, 22 Mei.
  Laerskool: Dinsdag en Donderdag gedurende sportperiode.



C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel

McLachlan Internet Fasiliteit